KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com

## TOULEIER

Oos Wes, tuis bes!
Veilig terug hier in Onrus en klaar gereis vir die jaar. Al hoesend en proesend maar nou kan ons weer rus. Soos dominis Wilhelm juis vir ons kom vertel het, mens moet leer om te kan rus ook. Waardeer om net niks te doen. Met 'n houding. Dus juis die inlywing van Sondae in die gewone gang van sake wat die lewe so op 'n drafstap geplaas het. Ons het bietjie stilte en rus ook nodig. Sondag is die stilte tussen die note wat die musiek van die lewe maak. Kom ons stel dit weer in!
Soos die ander stilte van die bosveld.
Voor ons vroeg Mei hier weg is wildtuin toe, het die kamermaatjie op aanbeveling vir ons by die parkeraad 'n '*wild*' kaart gekoop wat jou verniet inlaat by enige nasionale park in Suid Afrika. So het ons 'n hele paar eerstes belewe saam met die Rabies. Nig Annemarie tel ons toe by Lanseria op en na 'n paar dae se lekker familiekuier, laai sy ons weer in Pretoria af.
Vier van ons in 'n Isuzo viertrek, stop ons vir die eerste keer in ons lewe halfpad soentoe by Millys. Die plek is blykbaar so gewild dat hulle tot 'n spesiale tonnel onderdeur die pad gemaak het vir aankomende verkeer om ook daar te stop vir 'n baie spesiale brekfis. Alom bekend vir veral sy forelslaai, hoor ek later by my vriend JC.
Ons het by twee tyddeel plekke gebly net buite die wildtuin en elke oggend net na die Kwêvoëls opgestaan om die meeste te maak van die rit deur die tuin vir die dag.
Ewe windgat vertel ek ons groepie van my grootword daar tussen die duine van die Kalahari. Gereeld by trekkende Boesmans se vuurtjie aangesit, selfs die klaptong taal aangeleer. Hoe ek ook geleer het om vir diere te luister en vir hulle te fluister.
Ek vra hoeveel van die groot vyf hulle wil sien. Corina stel die dwarslat effe hoog: "Ten minste vier!" Jos gee my net so 'n dwarskyk en hy sien amper nie die slaggat in die pad betyds nie.
"Ek hoop net nie dit gaan reën nie" merk Kamermaatjie droog op toe ons weer almal regop sit. "Dit reën mos altyd as ons êrens heen reis."
Nog voor die middag toe reën dit. Ons sien toe ook net vier van die vyf grotes. Net die Arnosters bly ons ontwyk.
Tog tref die geluk ons en kom ons by 'n dam op 'n trop wilde honde af wat 'n jong waterbok afgekeer het van sy trop. Hulle staar asof versteend vanaf die oorkant van die dam. Die bokkie soek skuiling in die water. Dit weer, trek die aandag van 'n seekoei. Met ons aankoms was die drama net mooi op sy hoogtepunt. Eers het dit gelyk of die seekoei die bok wou help. Toe word die water te diep en begin die bok versuip. Kort kort verskyn die seekoei weer bokant die water met die bok in sy bek. Skud hom woes heen en weer. Duskant begin die honde omdraf om die dam. Dan kom die seekoei weer ons kant toe en los die bokkie so 'n entjie van die wal af. Duidelik dood teen die tyd. Hy storm uit en hap na die honde. Behendig spring hulle opsy maar wyk nie. Van hulle draf af water toe, steeds op soek na die bok. Hulle ruik seker die bloed in die water. Toe daag die vark van die verhaal op.




'n Krokodil kom steel toe ewe die bok en die hele vertoning. Gaan loer gerus self op UTube: https://youtu.be/5yruRRI8ffE Gee asseblief terugvoer of julle dit kon gaan kyk.

*Hennie en Annabelle*

# Dié Maand se Giggels



OM EERLIK TE WEES, HY HET NOOIT EINTLIK 'N IDEE GEHAD WAAROOR WARE MUISWEES GAAN NIE




Wat noem jy n seuntjie wat op Verkiesingsdag gebore is??? Wouter 🤣



Wat drink ons nou weer saam met Doppers, rooi of wit?




Liewe lesers,

Ek weet nou nie of julle ook soveel resepteboeke gekoop en aanmekaargeflans het soos ek nie maar dit bly ʼn lekkerte om van tyd tot tyd deur hulle te blaai!

In my Ouma se boekie staan hierdie SULTANSGENOT resep heel hoog aangeslaan! Dit is ʼn variasie op die tema van selfkors melktert resepte.

Party mense noem dit ook die ONWERKLIKE TERT want, dis waarlik onwerklik hoe die tert lyk as dit klaar gebak is. Die bestanddele word alles op een slag in ʻn bak gegooi, maar as dit gaar is het die tert ʻn behoorlike kors, met ʻn vlavulsel in die middel en ʻn heerlike bros klapperbolaag. !

Jy het nodig:

- 4 eiers
- 50 ml botter
- 200 g (250 ml) suiker (3/4 k)
- 60 g (125 ml) koekmeel
- 2 ml sout
- 3 ml bakpoeier
- 500 ml melk
- 80 g (250 ml) klapper
- 5 ml vanilla geursel

*Retha woon deesdae in Bettiesbaai en beskik oor ʻn skatkis se kennis van tuinmaak, kos, kruie, koeke en kook!*
*Seker omdat sy ʼn verjaarsdag deel met destydse Tannie Esme van Springbok Radio se So Maak Mens, weet sy omtrent als van alles in die tuin en die kombuis! Stuur gerus vir ons enige navrae* ***Wat Retha nie weet nie, vind sy uit****!*

Voorverhit die oond tot 180ºC.
Plaas al die bestanddele in ʻn mengbak en klits totdat al die bestanddele goed gemeng is.
Giet die beslag in ʻn gesmeerde, oondvaste 24 cm-tertbord.
Bak in die voorverhitte oond vir sowat 45 – 55 minute lank of totdat die bo-kors goudbruin en die vlavulsel gestol is.
Lewer sowat 12 skywe.

Saam met ʼn koppie middag koffie, is dit heerlik!

Voila! & Groetes, Retha – Bettiesbaai.

# Stilte in die Hof!

Staaltjies van humor vanaf die Regbank tussen 1950 en 1990

– Soos losweg Vertaal uit 'Bar Bench and Bullshifters'.

Hulle vertel hierdie storie oor regter Alwyn Burger: Hy was heel moontlik die enigste regter wat ooit die roetine-instemming van jurielede in Kaapstad regtig ernstig opgeneem het op die vraag of hulle almal Afrikaans verstaan en dan in 'n moordverhoor vir hulle in Afrikaans opgesom het.


Die gevolg een keer was dat die beskuldigde, in plaas daarvan om vrygespreek te word op grond van selfverdediging, soos Burger skynbaar in sy opsomming aanbeveel het, dat hy net skuldig bevind moes word aan strafbare manslag, egter skuldig bevind is deur die jurie van moord sonder versagtende omstandighede. 'n Witgesig Burger, totaal onvoorbereid daarvoor, moes toe die doodsvonnis oplê.



Al wat hy toe kon doen om die ramp te versag, was om gelyktydig aan die beskuldigde aan te kondig dat hy by die uitvoerende gesag sal aanbeveel dat die vonnis hersien word. **D**ie resultaat was 'n appèl na die Appèlafdeling en 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag en 'n vonnis van net 'n paar jaar gevangenisstraf. Die jurie kon blykbaar glad nie die verduideliking in Afrikaans verstaan van begrippe soos onus van bewys, *dolus directus* en *eventualis,* die verskil tussen moord en strafbare manslag en wat versagtende omstandighede beteken het nie.


z z z
BREKFIS
IN DIE BED


Vanaf die vroegste tye is dit lewensgevaarlik om agter die wiel aan die slaap te raak




Hoe weet pynpille waar is die pyn in jou liggaam?
Pynpille is soos vrouens . . . .
Hulle weet alles.


1965
HOU OP NA DAAI TELEFONE STAAR TERWYL JULLE AAN TAFEL IS!


HAGAR DIE BARBAAR
Wat se dom tekeninge maak jy oral op die mure?
Die kind se kop raas!
Waar kry 'n barbaar soos ek se kind sulke idees?

# Millenniums en babas

Deur Yulandi *Steenkamp*



en Blikkies

In ons familie is daar net meisiemense. Daar is ’n paar manlike spesies in die familie, maar ek praat hier van my direkte familie. So het ek en my suster getroud geraak en tot my pa se misnoeë het die manne nie die vermoë gehad om die Y-chromosoom te produseer nie. Sus Meraai het 3 pragtige dogters grootgemaak en ek het besluit niemand in my huis gaan ’n middel kind wees nie.



Ek was een en met ’n tipiese middelkind-sindroom het ek geglo ek was aangeneem. My uitkyk op die lewe het my gesin stapelgek gehad. Dit het my net meer oortuig dat ons glad nie gene deel nie, want ek was anders en het anders na die wêreld gekyk, al het ek soos my pa gelyk ...

Ek besluit op twee spruite om die nasie te bou. Soos wat tyd verbygegaan het, het ons die familie geword wat met meisiemense boer. My oudste, Ousus, het drie meisiemens-spruite van haar eie. Dalk as sy ’n middel kind was, sou sy twee keer gedink het oor die onewe getal kinders.



Kleinsus het trou en kinders afgesweer. Met ’n tipiese Millenniër-uitkyk op die lewe wou sy haarself eers vind. My Millenniër (ek moes die woord gaan opsoek) het haar eie idees en kyk anders na die wêreld. Soms is dit gekantel soos onse aarde se as, maar uitkyk word daar uitgekyk.

’n Paar jaar nadat sy op haar eie twee bene begin staan het verklaar sy dat sy haarself gevind het, ek is nie oortuig nie. Sy lyk nie vir my asof sy daardie bestemming eers in sig het nie. Sy nooi my vir ’n braai wat sy self gereël het en ek is beïndruk, hierdie is immers my kind wat roosterbrood brand. Ek is ’n goeie ma en beloof om dit nie mis te loop nie.





Met ’n hart vol hoop daag ek op vir die braai by die dominee se huis en ontdek tot my skok dat ek eintlik genooi is vir my Millenniër se troue. Sommerso stil-stil is sy daardie aand by die braai getroud. Ek begin rasionaliseer en my antwoord kom in die advertensie van eg Suid-Afrikaans. As jy dan wil trou is dit die manier om dit te doen en jy kan dit toeskryf aan ons braai-kultuur. Hoe kan ek dan nou stry met sulke logika?

Manlief het geweet dat Kleinsus geen babas in haar toekoms sien nie en ons het dit almal so aanvaar, wonder bo wonder – hy ook. Ek is bly dat daar iewers rasionele denke is. Laat hulle dan nou maar eers getroud wees en dalk kom die *self-vindery* beter in sig met tyd.

Kleinsus en Manlief leef die lewe van jongmense wat soms impulsief is met hul besluite en met genoeg selfsug wat my laat glo dat hulle nie hul tienerjare ontgroei het nie. Dankbaar dat hulle nog soek en dat die saam *gesoekery* dalk dubbel die uitkoms sal hê. Die twee deurkruis Suid-Afrika en beleef elke ondervinding met die oorgawe wat eie is aan die jeug.



In hierdie tyd besluit ek dat dit tyd is om die spaarrekening oop te breek en ek reël my eerste vakansie in jare. Die bestemming: Kaapstad met my getroue hond aan my sy (toe net 6 maande oud) – Blikkies. Ons gaan 3 weke lank ry, wyn drink en soms iets eet. Blikkies is halfmens hy sal enige iets probeer, selfs wyn.



Ek begin die internet fynkam vir roetes, verblyf en wynplase. As 'n lysie-mens trek ek lysies op vir elke moontlike gebeurtenis onder die son. Daar is 'n lys vir als wat gedoen moet word, als wat saamgeneem moet word en als wat gesien moet word. Dit word netjies op die rekenaar getik en dan uitgedruk, met sulke oulike blokkies vir afmerk plek. Soos ek die een mylpaal na die ander bereik verskyn daar 'n regmerkie op 'n lys (tipies onderwyser, verslaaf aan 'n regmerkie). Dit is belangrik om te noem dat hierdie grootskaalse beplanning in Januarie begin het.

Die lewe gaan voort en Kleinsus en haar Manlief besluit op 'n vakansie van hul eie en durf Mosselbaai aan in die middel van Mei. Ek is oortuig daarvan dat sy stapelgek is en dat ek meer as net gene aan die arme kind oorgedra het. Sy swem in die see, die hemel weet daardie water moes Arties-koud gewees het! Sy eet sushi - my kinders eet nie seekos nie! Soos ek gesê het – Stapelgek! Heimlik dankbaar dat ek nou 'n kampvegter het vir my rou-vis-etery.



Ek is bekommerd sy gaan deur 'n stadium en ek bid in my hart dat Manlief se liefde groot genoeg is om die malligheid te oorwin. Ek maak nog lysies en regmerkies en besef nie dat ek, soos Kleinsus, stapelgek is om met my hond alleen deur die Kaapprovinsie te reis nie.

Einde Mei kry ek 'n oproep. Kleinsus gesels land en sand. Onverwags verklaar sy: "Mamma ek is swanger!"



Slaan my met ’n nat vis oor die kop! Stokblind, net gefokus op lysies, het ek al die tekens gemis. My Mamma-hart is vies vir my brein. As my brein opgelet het in die klas sou ek die tekens raakgesien het. Kleinsus het haarself gevind en was gereed vir ’n familie van haar eie. Haar aankondiging kom met ’n waarskuwing dat hierdie, die enigste baba sal wees en ek en Ousus gaan dadelik oor van stomgeslaan na ’n lysie-maak-marathon en reël die makietie (ook genoem ’n babatee) van die eeu.

Vroeg 2020 maak die eerste seun in die familie sy opwagting. Almal koer en bederf die bulletjie tot in die afgrond in. Ek loop met my bors vêr uitgestoot oor die mooiste kleinkinders in die hele wêreld. Sus Meraai glimlag en sê dat haar kinders van beter weet as om van haar ’n ouma te maak voor sy vyftig is.

Twee jaar later en Sus Meraai kondig aan dat haar oudste die tweede seun in die familie die lig laat sien het. Sus Meraai is nie vyftig nie... Ek vra of sy oukei is. Sy glimlag breed en sê dit maak nie meer saak nie. Ons ruil stories uit oor babas, kwale en die beste raad. Ons probeer diplomaties hierdie wyshede aan die Millenniërs oordra en daar word gefrons en geglimlag en ewe diplomaties word ons van die hand gewys. Sy verduidelik dat sy gesê het wat sy dink, maar dat sy oortuig is dat ek en sy onder ’n klip gekraam het. Ek voel haar pyn en het medelye.

Dalk het ons, wie weet? Die Millenniërs weet - en is vir seker daarvan oortuig.



My ouers moes hare op hul tande gehad het met my idees en ek is seker hulle het nog harder gebid as wat ek doen. Millenniërs met hul wêreld-gekantelde idees mag ons dalk stokoud laat voel, ek meen ons was die koelste generasie ooit!

Blykbaar nie meer nie.

Tot jy met my kleinkinders praat en dan is ek weer die ster in iemand se oë. Dan is ek iemand wat alles weet en daar is mense wat aan my lippe hang en my brose ego voel stukke beter want ek en sus Meraai is ‘*cool*' oumas.






# AGTEROS



# AFSKEID

DANA SNYMAN

Sondagoggend. Hulle sit by ’n tafeltjie in ’n koffiedrinkplek op die Johannesburgse lughawe. Daar is ’n pa, ’n ma en ’n kleinsus. Nie dat die kleinsus meer so klein is nie: Die beloftes van vrouwees slaan ferm onder haar Truworths-toppie deur. Sy is op pad oorsee.

“Het jy jou paspoort, Sus?” vra die ma.

“Ja, Ma. Ek sê dan.” Die kind beduie na die rugsakkie op haar skoot. “Hiér.”

“En jou euro’s?” vra die pa. “Waar’s jou euro’s?”

“Ook hiér.” Die kind wys weer na die sak. Haar vingernaels is blou geverf.

“Jy moet oppas, ounooi,” sê die pa. “Daar oorkant is ook skelms. Oom Saag sê vir my Londen is deesdae vol Turke en Nigeriërs.”

“Daar is glo baie sakkerollers,” voeg die ma by. “Jy moet jou goed tog mooi oppas, ou Sussa.”

**..mense wat iewers wil wees waar hulle nie op die oomblik is nie..**

“Ek sal fine wees, julle. Chill net.”

Hulle kan van enige plattelandse dorp of middelklasbuurt af wees.

Die pa kyk in die toonbank se rigting waar twee of drie kelners borde en koppies en glase op en van skinkborde af pak. “Waar bly die waiter?” vra hy, lig sy arm en klap sy duim en wysvinger geluidloos.

Dit is ’n Vrydagaand en die lughawegebou is vol mense – mense wat iewers wil wees waar hulle nie op die oomblik is nie.

Kleinsus haal ’n selfoon te voorskyn. Haar duim ken die pad oor die knoppies al goed.

’n Kelnerin kom nader.

“Do you serve beer?” vra die pa.

“Yes, we do, sir,” antwoord die meisie en sit drie spyskaarte op die tafeltjie neer.

“In need a beer now. Bring me one Castle.” Die pa kyk na die ma. “Koffie vir jou, Ma?”

“I’ll take a filter-koffie,” sê die ma vir die kelnerin en plaas haar hand op Kleinsus se arm. “Iets vir jou, Sus?”

Kleinsus kyk ’n oomblik van die selfoon af op. “Filter-koffie,” sê sy. “With hot milk.”

Die pa wikkel ’n pak Winston-dertig uit sy roomkleurige hemp se bosak en sit dit voor hom neer, byna soos ’n kaartspeler wat sy laaste troef speel. Die bekommernis lê in ’n keep tussen sy oë.

Die ma kyk op haar horlosie. “Hulle sal ons kos gou moet bring,” sê sy. “Dis al kwart voor.” Sy sit haar hand weer op Kleinsus se arm. “Is jy nou seker ons sal met jou kan praat as jy daar oorkant kom, Sus?”

Kleinsus kyk na die ma. “Hoeveel keer moet ek nog vir Ma sê: As ek daar oorkant kom, koop ek net vir my ’n ander simkaart. Hallo? Ek sal fine wees.”
“Jy moet dadelik vir ons ’n SMS stuur,” sê die pa. “Ons wil weet jy is veilig.”
“Chill net, Dad. Relax. Oukei?”
By een van die ander tafeltjies hou twee hande ’n Engelse koerant in die lug. “Germiston couple killed in robbery,” lui een van die opskrifte.
Die kelnerin bring die koffie en die bier. “Is there nowhere in this building I can smoke?” vra die pa vir haar toe sy die blikkie bier en die glas voor hom neersit.
“I’m afraid not, sir. Sorry.”
Die pa mompel iets onhoorbaars. Die ma skeur ’n pakkie suiker oop en lees die spreuk agterop die pakkie, maar sy deel dit nie met die pa en Kleinsus nie.
’n Kurt Darren-rige selfoondeuntjie begin speel. Dis hare. Sy kyk op haar selfoon se skermpie. “Dis my ma,” sê sy – en antwoord: “Hallo, Mammie. Als reg daar. Ja. Ja. Op die lughawe, ja.”
Die pa drink sy bier en kyk na die mense wat skaduweeloos verbystap. Dalk het hy twintig, dertig jaar gelede, toe hy pas agtien of negentien jaar was, ook so saam met sy ouers iewers op ’n treinstasie gesit en afskeid neem voordat hy op ’n militêre trein geklim het om sy nasionale diensplig iewers te gaan doen.
“Nee, Mammie, sy sit hier,” sê die ma vir die ouma oor die foon en kyk na Kleinsus. “Ons gaan haar amper groet, sy moet amper ingaan. Ja. Ja. Oukei. Hier’s sy.” Die ma hou die selfoon uit na Kleinsus toe. “Ouma wil gou met jou praat.”
Kleinsus neem die selfoon traag uit die ma se hand. “Hallo, Oumie,” sê sy. “Ja, Oumie. Ja. Ja. Ek sal. Ek sal. Ja.Thanks. Ja. Ek het onthou, ja. Ja. Hy is in. Genuine. Dankie, Oumie. Ek sal. Ek sal.”
Die pa se bier is op. Die ma kyk weer op haar horlosie. Nadat hulle Kleinsus afgesien het, sal hulle moontlik in stilte terugry na hul dorp of hul woonbuurt, stil terug na ’n leë huis toe, terwyl die pa se sigaretkooltjie in die donker motor gloei.
“Bye, Oumie. Lief vir Oumie,” sê Kleinsus, druk die foon dood, en gee dit weer vir die ma.
“Ons is amper laat,” sê die ma en kyk na die pa. “Het jy die rekening gevra?”
Die pa waai vir die kelnerin met ’n lang arm.
“Wat wou Ouma weet?” vra die ma vir Kleinsus.
“Sommer niks nie, Ma. Ons is laat.”
“Ek wil weet wat wou Ouma weet.”
“Sy wou net weet of ek ’n Bybel ingepak het.”
“Het jy?” vra die Pa.
“Ja, Pa. Ek het.”
“Is jy seker?”
“Chill net, julle. Jeez.” Kleinsus kyk op haar horlosie. “Kom. Ons moet gaan.”
Die kelnerin bring die rekening. Die pa kyk daarna en haal ’n volstruisleerbeursie uit sy sak. Kleinsus kom regop.
Oor minder as 24 uur sal sy in Londen wees. Sy sal Big Ben kan hoor lui en dalk sal sy ’n foto van haarself saam met Elton John in die Madame Tussaud-museum laat neem en een nag sal ’n dronk Engelsman haar dalk in ’n nou straatjie probeer vasdruk en soen.
Die kelnerin bring die kleingeld, twee of drie bruin note. “You can keep it all,” sê die pa vir haar en kom regop.
“Thank you. Thank you so much,” sê die kelnerin. “Are you travelling abroad?”
“No,” antwoord die pa. “Only my daughter.”
“On holiday?” vra die kelnerin.
Die pa kyk na Kleinsus wat al begin aanstap het, selfversekerd met haar rugsakkie oor die skouer.
“No, she’s going to work as a waitress, the same as you.

**TOT VOLGENDE MAAND**